**BULT GARAGE (Edms.) Bpk.**

H/v Tom- en Von Wiellighstraat
POTCHEFSTROOM

vir

SMERING, PETROL, OLIE, REPARASIES en ander benodigdhede

die Wapad

**Le Roux Ateljee**

vir al u

FOTO'S EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE

asook

ELEKTRIESE WARE

SKRYFBEHOEFTES — RADIO'S

Span en Omlysting van Tapeserieë

Besoek ons Ateljee te
Von Wielighstraat 33 Tel. 2217

Jaargang XVI WOENSDAG, 7 JUNIE 1961 Nr. 6

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H:O:

# PUKKE AANVAAR REPUBLIEK S.A. MET BLYE HARTE

VOORWAAR 'N BLYE EN heerlike dag in die geskiedenis van Suid-Afrika is 31 Mei 1961. 'n Dag wat in die geskiedenis opgeneem sal word saam met groot datums van die verlede. Saam met 6 April 1652 een van die grootstes.

En ook aan die P.U. vir C.H.O. is hierdie dag op grootse en luisterryke wyse gevier.

Die middag van 30 Mei het 'n groot aantal Pukke in 'n fietsoptog na die middedorp beweeg waar die plaaslike vierings 'n eenvoudige dog treffende vorm aangeneem het.

Die aand was die Studentesaal volgepak waar prof. D. W. Krüger as hoofspreker opgetree het en 'n tablo wat die ontwikkeling van Suid-Afrika uitgebeeld het, opgevoer is.

### VREUGDEVUUR

Terug in die koshuise het die Pukke gewag dat 31 Mei moet aanbreek.

In die Kompleks is 'n reuse vreugdevuur aangepak wat tot diep in die vroeë more-ure bly fakkel het terwyl die Pukke geesdriftig daarom gesing het.

In Dawie Dup is van vroeg af al gesing en ook in die dameskoshuise het die geesdrif hoog geloop.

Almal het gewag vir die gebeier van die klokke om twaalfuur. En toe dit weerklink oor Radio Suid-Afrika is dié blye dag begroet met juigkrete en spontane studentesang.

### ONDERSKEIDING

Tot diep in die nanag het die manskosgangers by die dames gesing. Die reën kon hul geesdrif nie demp nie.

Om eenuur is vir die huisvader, mnr. C. P. van der Walt, gesing en dié onderskeiding het mnr. Van der Walt te beurt geval dat hy ongetwyfeld een van die eerste persone was om in die Republiek 'n toespraak te lewer.

Hy het die groot aantal Pukke toegespreek oor die toekoms van die Republiek en gewys op die taak wat op die skouers van die jeug rus.

### LANG PYPE

Na die singery is lang pype republikeinse tabak nog in die kamers gestop.

Woensdag is 'n groot aantal Pukke na die inhuldigingsplegtigheid in Pretoria, terwyl die wat tuis gebly het, die oor moeilik van die radio kon weghou.

En Vrydag het 'n massa Pukke weer opgeruk stasie toe om die trein met Suid-Afrika se eerste Staatspresident in te wag en hom 'n luisterryke ontvangs te gee.

● So sê al die Pukke: **„Lank lewe die Republiek"**—(Red., D.W.)

# Gunstige Reaksie Dusver Oor Selfwerksaamheid

DONDERDAG is 'n begin gemaak met selfwerksaamheid aan die Puk. Hoewel die poging klein begin is, is die daad self 'n groot voorwaartse stap in die rigting van ons hooggekoesterde ideaal, naamlik aparte ontwikkeling.

In die manskoshuise is 'n aanvang gemaak met slegs die opmaak van beddens. Die koshuisvader, mnr. C. P. van der Walt, deel ons mee dat selfwerksaamheid uitgebrei sal word sodra die nodige besems ontvang is.



Mnr. C. P. van der Walt.
[Foto: Potchefstroom Herald.

Sodra dit ontvang is, sal die mans self hulle kamers moet uitvee en aan die kant maak. Selfwerksaamheid in die eetsale word nog 'n rukkie teruggehou tot tyd en wyl die stootwaentjies vervaardig is.

Die mans in Cachethuis het op eie inisiatief selfwerksaamheid reeds ver bevorder. Benewens die versorging van hulle kamers, is hulle ook verantwoordelik vir die uitvee van die ontspanningskamer, gange en stoep.

Tot dusver het die dames self hul beddens opgemaak. Selfwerksaamheid is nou ook by hulle uitgebrei deurdat hulle nou self die tafels in die eetsaal afdek. Verdere uitbreiding sal ook in die dameskoshuise volg sodra genoeg besems ontvang is.

### GEVOEL VAN MASSA

Die reaksie van die massa op selfwerksaamheid is in hierdie beginstadium werklik verblydend. Ons het 'n bietjie onder die massa rondbeweeg om hulle gevoel teenoor selfwerksaamheid te toets. Orals was daar die gevoel van bereidwilligheid en die besef van die noodsaaklikheid van selfwerksaamheid.

Baie het gesê dat hulle uitsien na die dag wanneer ons tenvolle self sal werk.

Aan die ander kant was daar enkele gevalle waar die gedagte van selfwerksaamheid nog nie heeltemal posgevat het nie, maar die verwagting is dat ons kort voor lank die ondersteuning van die hele massa sal hê vir algehele selfwerksaamheid.

# Ds. A. L. Aucamp Oorlede

Skokkend was die skielike afsterwe van ds. A. L. Aucamp wat Dinsdagoggend aan hartverlamming by 'n motorhawe in Potchefstroom beswyk het. Wyle ds. Aucamp was die vader van Liebrecht Aucamp, 'n student aan die P.U. Sy oudste seun, Pieter, het sy graad en U.D.B. aan die P.U. behaal en is op die oomblik bibliotekaris van die Indiëruniversiteitskollege op Durban.

Abraham Liebrecht Aucamp het in 1933 sy studies hier voltooi en sy eerste beroep na Eldoret aanvaar. Tot 1937 was hy leraar van hierdie gemeente. Sy volgende gemeente was Bethlehem waar hy tot 1942 gebly het. Van 1942 tot 1948 was hy op Ficksburg en van 1948 op Burgersdorp waar hy sy emeritaat moes aanvaar. Sedert verlede jaar was hy verbonde aan die P.U. vir C.H.O. as dosent in Bybelstudie I.

As student was ds. Aucamp baie aktief en het ook op die Studenteraad gedien.

● Langs hierdie weg betuig die Redaksie van Die Wapad namens die studentegemeenskap ons diepe meegevoel met die naasbestaandes van die oorledene.

# R.S.A. Roep Om Grootheid En Lojaliteit

ONS MOET GROOT WEES en onsself ophef tot grootheid van gedagte, optrede en trou aan die R.S.A. en ons lojaliteit aan die Republiek met dade bewys, het prof. D. W. Krüger, hoogleraar in geskiedenis, tydens die saamtrek op 30 Mei in die Studentesaal gesê.

Prof. Krüger het vervolg dat republiekwording vir die Afrikaanse deel van die Suid-Afrikaanse nasie die voleinding van 'n strewe beteken. Vir die Engelssprekende beteken dit die begin van 'n nuwe tyd en nuwe omstandighede waaraan hy gewoond moet raak.



Prof. D. W. Krüger.
[Foto: Potchefstroom Herald.

### SAAMLEEF

Die R.S.A. is nie die herstel van die ou Boere Republieke nie. Dit word gedeel met andere. Dit is die beskikking van God dat die Afrikaner moet saamleef met Engelssprekendes, wat net sulke draers is van die Wes-Europese kultuur as die Afrikaners.

Hy het die Engelssprekende verseker dat sy taal en kultuur in die Republiek onaangetas gelaat sal word. „Shakespeare is vandag net so 'n deel van ons kulturele erfenis as Rembrandt."

In die R.S.A. wil ons egter niks Brits hê nie. „Brits is 'n politieke begrip en die Republiek moet gesuiwer word van Britse elemente." Lojaliteit en trou aan Suid-Afrika deur almal wat die land liefhet, is hoofsaak.

### NOODSAAKLIK

Prof. Krüger het voorts verklaar dat die ondergang van die ou Republieke noodsaaklik was vir unifikasie, die samesnoering van die Afrikaner en die vestiging van die republikeinse ideaal.

Na die nasionale erfenis van die verlede het hy verwys as „ons kosbare kleinood". Terselfdertyd het hy gewaarsku teen 'n groot gevaar vir ons geestelike erfenis, nl. die aanvaarding van die revolusionêre denke van die twintigste eeu.

● „Ons moet waak teen die nivilering van die tegniek wat die indiwidualiteit vernietig."

# PROF. OORSEE

Prof. en mev. F. J. Labuschagne vertrek e.k. Saterdagnag saam met hulle dogter Greta, wie se man op die oomblik in Londen studeer, per Trek Lugdiens na Europa. Die plan is dat hulle in Düsseldorf sal land waar prof. Labuschagne 'n stasiewa sal aankoop waarmee die groep dan deur Europa sal toer en later na Londen sal gaan waar hulle by hulle skoonseun sal aansluit.

Prof. en mev. Labuschagne sal op 10 Augustus per boot vanaf Southampton weer na Suid-Afrika terugkeer. Hulle dogter keer later per vliegtuig terug.

# Studente Agter Ystergordyn

President Nkrumah van Ghana het tydens die opening van die kollege in Kumasi gesê dat 3,000 Ghanese studente in 1961 agter die Ystergordyn gaan studeer.

# FORT HARE GESLUIT

## Intimidasie Beweer

DIE UNIVERSITEITSKOLLEGE Fort Hare is verlede Vrydag vir die res van die kwartaal—tot 18 Julie—gesluit omdat al die studente Maandag en Dinsdag voor Republiekwording die klasse geboikot het, luidens 'n aankondiging deur die rektor, prof. J. J. Ross.

Die amptelike vakansie sou op 23 Junie begin het. Saam met die twee dae wat die studente die klasse geboikot het, sal hulle dus byna vier weke se werk agter raak.

'n Berig in Die Transvaler aan die einde van verlede week het gelui dat studente van die kollege aktief deelgeneem het aan 'n intimidasieveldtog wat die staking voor republiekwording voorafgegaan het.

### ERNSTIGE VOORVAL

Minstens een ernstige voorval het by die kollege voorgekom. Die nag van 29 Mei is die venster van 'n student se kamer deur onbekende persone met 'n klip stukkend gegooi. 'n Briefie is in sy kamer gelaat waarmee hy met die dood gedreig is.

Baie studente het ook met die nie-blanke werkers by die kollege gepeuter. Die rektor moes byvoorbeeld die kollegekafee sluit en die nie-blanke vrou wat daar werk, huis toe stuur nadat die studente haar gedreig het.

In die begin van die jaar het studente ook sonder verlof van die klasse weggebly en vergaderings gehou. Prof. Ross het gesê dat studente op die nag van 27 Maart slagkrete met swart verf op die mure van geboue geverf het, wat aansienlike skade veroorsaak het.

Daar is toe 'n finale waarskuwing aan hulle uitgereik dat indien iets soortgelyks weer gebeur, dit as verset tteen die kollegereëls beskou sal word en strafmaatreëls toegepas sou word.

### OPGESKORT

Toe die studente op Donderdag (1 Junie) vir klasse opdaag, was daar 'n kennisgewing dat klasse opgeskort is. Die Vrydag het die senaat vergader en besluit om die klasse te sluit.

Voor en tydens die tuisblyveldtog, was daar duidelike bewys dat studente deelgeneem het aan die intimidasie van vreedsame naturellewerkers wat soos gewoonlik werk toe wou gaan. Dit was duidelik dat die studente gehoor gegee het aan die landswye oproep om op 29 en 30 Mei te staak.

● Prof. Ross het gesê dat die kollege-owerheid nie anders kon doen as om die optrede van die studente in 'n ernstige lig te beskou nie.—(Red., D.W.)

# Splinternuwe Uitgawe Van Sangbundel

'N SPLINTERNUWE UITGAWE van die F.A.K.-sangbundel is onlangs gepubliseer. In dié bundel is daar 'n groter verskeidenheid van nuwe liedere, verwerkings en veral volkswysies.

Afgesien van die inhoud is die voorkoms van die bundel ook heeltemal anders. Die omslag is met veelkleurige note versier.

Baie van die oorspronklike liedere het behoue gebly, maar die twee-, drie- en vierstemmige liedere is baie uitgebrei. Verwerkings is meestal deur dr. G. G. Cillié en mnre. Dirkie de Villiers en Philip McLachlan. Die klem val veral op volkswysies.

Die bundel sal waarskynlik baie byval vind by skole en vir gebruik by volksfeeste en sangbyeenkomste. 'n Nuwigheid is kleuter- en slaapliedjies. Daar is ook verskeie ligte Afrikaanse liedjies deur bekende komponiste.

Die bundel kos R3.75.

KOM NA

**ASTRA MILK BAR**

DIT SAL 'N PLESIER WEES OM U TE BEDIEN

KERKSTRAAT 132 TEL. 477
POTCHEFSTROOM

**REBA KAFEE**

NOU ONDER NUWE BESTUUR
(Vosloo en Croucamp)

**Is u dors?**
Koeldrank is die ding wat help!

Besoek ons vir:
- ★ BETER DIENS

Asook
- ★ SIGARETTE
- ★ LEKKERS
- ★ VLEISPASTEITJIES

**Ons spesialiseer in alle Studentebenodigdhede**

**Onthou 3091**

Skakel hierdie nommer vir **diens!**

**DIE BULT APTEEK**

TOMSTRAAT 86

Ons spesialiseer in:
- ★ INNOXA-, LENTHERIC-, COTY-Skoonheidspreparate
- ★ Egte Franse DANA PARFUUM, en
- ★ Aptekersbenodigdhede

ONDERSTEUN OUD-PUKKE

## Mnr. Leftwich en Fort Hare

Mnr. Adrian Leftwich, president van Nusas, het luidens 'n berig in die Sunday Times van 4 Junie, die volgende verklaring na aanleiding van die onlangse gebeure by Fort Hare uitgereik.

„Dit is duidelik dat die optrede van die studente, waarmee hulle hul teenkanting teen die Republikeinse Regering se politiek en die deurwerking daarvan tot universiteite te kenne gegee het, bewys dat hulle nie bereid is om die stelsel te aanvaar waaronder hulle gedwing word om te studeer nie en ook die outotarianisme daarvan nie.

**GEES NIE GEBREEK**

„Die gees (spirit) van die studente van Fort Hare is nie gebreek deur die verwydering en beperkinge wat hulle opgelê word nie.

„Nusas sê aan hulle volle steun toe in hul stryd om basiese studentevryheid.'

● Die berig in die Sunday Times lui voorts dat slagkrete soos „Away with Verwoerd and his Republic" en „Democracy, not Boerocracy" oral aan mure van geboue aangebring is. Pamflette waarin studente aangespoor is om klasse te boikot, is oor die hele campus versprei.—(Red., D.W.)

## Woord en Daad oor Besluit

Die besluit van die studente om selfwerksaamheid toe te pas, het in die jongste uitgawe van Woord en Daad (19 Mei) kommentaar uitgelok van prof. S. du Toit in 'n hoofartikel.

Prof. Du Toit verklaar: „Die besluit van die studente van die P.U. vir C.H.O. om vanaf die proklamering van die Republiek 'n groot gedeelte van die werk in hul koshuise self te doen, is seker een van die beste stukke tuisverdediging wat maar bedink kan word.

„As ons werklik in afsonderlike ontwikkeling glo, moet ons die hande uit die mou steek. Ons wil hoop en vertrou dat die studente sal volhard. Arbeid adel!"

## UITSLAE IS EINA-EINA

*Gedurende die afgelope week het die gevreesde handboekeksamen-uitslae verskyn.*

*Die eerstejaarmans het hierdie jaar die dames in die skande gesteek aangesien 52% mans in teenstelling met 50% dames geslaag het.*

*Die eerstejaardames hoef egter nie verontrus te voel nie: 72% dames het die handboek-eksamen geskryf terwyl net 55% van die eerstejaarmans die stryd aangedurf.*

*Die totale persentasie van al die studente wat hierdie jaar gaan skryf het is 61%.*

# A.B.K.K. SE KUNSFEES 'N GROOTSE POGING

DIE A.B.K.K. HET VANJAAR vir 'n grootse en pragkunsfees gesorg. Die nuwe rigting om net die wenners van die verskillende afdelings op een aand saam te laat optree, het nie alleen gesorg vir hoogstaande items nie, maar ook die belangstelling van meer studente gaande gemaak.

Nietemin was die opkoms na so 'n puik program swak en 'n mens kan alleen hoop dat met die voortsetting van hierdie rigting die A.B.K.K. se fees aanstaande jaar groter steun sal ontvang.

Die program het bestaan uit 'n aantal voordragte, 'n klavier-, tjello- en twee sang solo's wat van besonder verdienstelike aard was. Veral die toneel—Ontvlugting van W. A. de Klerk—wat op 'n oorspronklike, verfrissende en surrealistiese wyse aangebied is, was van besonder hoë gehalte. Die opvoering het De Klerk tot sy reg laat kom.

**MASKERS**

Baie treffend was die manier waarop Dux van der Walt, wat hoofsaaklik vir die oorspronklike aanbieding verantwoordelik was, sy karakters wat agter groteske wit maskers verberg was, oor 'n bandopname laat praat het.

Die karakters, in klassieke mimiektunieke geklee, het hulle rolle met harmonieuse gebare uit die ou Griekse dramas vertolk.

Rooi, blou, groen en bleek Picassokleure wat beurtelings op die verskillende figure gegooi is, het verwronge skaduwees op die wit agtergrond getrek en die dramatiese van die toneel beklemtoon en groot effek daaraan verleen.

**GEWAAGD**

Dit was miskien 'n hoogs gewaagde onderneming maar danksy Trudi Gey van Pittius, Karien Potgieter en Dux van der Walt se bekwame toneelspel geslaag en 'n nuwe sy van die drama aan ons geopenbaar.

Ook die vertoning van die kleurskyfies was besonder goed en die keuse verteenwoordigend van die inskrywings.

● Met hierdie soort aanbiedinge kry die kultuurlewe van die Puk 'n groot stoot voorwaarts.—(K.J.)

# Collegium Musicum Trek Vol Saal

As in ag geneem word dat die aanbieding van die Collegium Musicum van Saterdagaand 3 Junie die resultaat was van 'n heel kort voorbereidingsperiode, is die geslaagdheid daarvan werklik te bewonder. 'n Volgepakte saal het die program terdeë geniet. As gevolg van die onverwagse ongesteldheid van mnr. Arthur Wegelin, moes die orkes noodwendig van dirigent verwissel. In die taak van dirigent van die orkes en koorleier het mnr. Pieter de Villiers dan ook werklik veel verrig.

Die Suite vir Fluit en Strykers van Telemann waarmee die program ingelui is, was werklik bevredigend. Die gaskunstenares Cecilia Yutar wat die solis was in die suite het opgeval weens haar tegniese beheersdheid, duidelike frasering en fyn aanvoeling van die musiek van hierdie ou meester. In hierdie werk het die orkes van sy mees geslaagde oomblikke beleef.

Van die „Christe Eleison" (Christus wees ons genadig), vir twee soprane uit die Mis in B mineur van J. S. Bach, kan egter nie dieselfde gesê word as van die voorafgaande nie. Die ongedisiplineerde inval van die orkes was die voorspel van senuweeagtige spel en ritmiese onsekerheid. Nieteenstaande hulle bewonderingswaardige pogings, kon die soliste die werk nie red nie. Die indruk was dat die soliste met besondere oorgawe die teks vertolk het.

**HOOGTEPUNT**

Die Klawesimbelkonsert in D mineur, ook van Bach, was egter baie geslaagd. Hier het die orkes ritmies besonder saamgesmelt met die solis (Pieter de Villiers), wie se spel 'n lus was om na te luister. Hierdie werk was heelwaarskynlik die beste aanbieding van die aand.

Na die pouse is die program voortgesit met die „Suite voor Lekenorkest" van Koos van de Griend. Hoewel die werk, as ek my nie misgis nie, in 1946 geskryf is, is dit 'n komposisie wat met die eerste aanhoor daarvan onmiddellik ingang vind. Hierdie opretensieuse werk het besondere byval gevind by die gehoor. Die klavierpaar in hierdie werk (Anna Prinsloo en Alta Wels) het nieteenstaande ritmiese afwykings op plekke hulle besonder goed van hulle moeilike taak gekwyt. Die applous van die gehoor was miskien al genoeg rede om te glo dat hierdie werk waarderend ontvang is.

Die vyf bewegings uit die „Watermusiek" van Händel was nou weer 'n heerlike kontras „a la contemporaine" en het die voorbereiding gevorm van die slotwerke, die „Kleine Weinachtskantate" van Gerhard Schwarz en „Psalm 117" van Telemann, albei vir koor en orkes. Veral in laasgenoemde werk het die koor uitgeblink en hoogsbevredigende musiek gelewer nieteenstaande die emosionele uitbarstings van die tenore hier en daar, wat dit baie geniet het.

As 'n geheel geneem was die aanbieding hoogsbevredigend en die persone wat die aanbieding moontlik gemaak het, kan nie genoeg daarvoor bedank word nie. Ons dank gaan dan aan die Konservatoriumorkes, die Collegium Musicumkoor, die Volksteaterkoor (koormeester: S. Hofmeyr) en al die meewerkende kunstenaars wat vir die heerlike aand verantwoordelik was.—(D.F.)

## Konsert op Eie Inisiatief

Om te wys dat daar op die Puk tog mense met inisiatief is, het 'n groep van ons studente verlede Vrydagaand op eie houtjie 'n verskeidenheidskonsert op Ventersdorp gehou. Die konsert wat onder leiding van André du Plessis en Chris van der Walt opgevoer is en waarin mejj. I. Stavast en N. Coetzee en Marnus Roothman opgetree het, het sommer groot belangstelling uitgelok.

Onder andere is „Die ligblou Vaas" van Gerhard Beukes opgevoer.

**Die Arcadia Haarkapper**

Vier gekwalifiseerde haarkappers tot u diens

„NETHEID EN KWALITEITWERK" IS ONS LEUSE

KERKSTRAAT 77 TEL. 1269
POTCHEFSTROOM



**„Aitsa!"**

*As die DAMES so sê moet jy weet die Jongeheer koop sy klere by:*

**J. TOD SUTTIE**

Kerkstraat 177 — Telefoon 1
POTCHEFSTROOM

**Dames!**

**PROTEA APTEEK**

*Spesialiseer in SKOONHEIDSMIDDELS:*
- ★ HELENA RUBENSTEIN
- ★ Dr. PAYOT

KERKSTRAAT 86

**ONDERSTEUN STAATMAKERS!**

APTEKERS

**J. P. VAN DER WALT**
(EDMS.) BPK.

POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK

Kerkstraat 118 POTCHEFSTROOM Telefoon 929

# Eerste Staats-president

Die eerste Staatspresident van Suid-Afrika, mnr. C. R. Swart, is 'n seun van die Vrystaatse platteland wat in 'n openbare lewe van meer as veertig jaar verskeie hoë poste in die Staat beklee het.

Die afgelope sestien maande was hy die Unie se negende en laaste Goewerneur-generaal.

Dosent, skrywer, joernalis, boer, politikus, rugby-skeidsregter, partyleier, Minister, waarnemende Eerste Minister—in hierdie hoedanighede onder meer het mnr. Swart hom beywer in die diens van sy mense en van sy land totdat hy nou die hoogste sport bereik en die hoogste eer behaal het wat enige Suid-Afrikaner se voorreg kan wees.

Charles Robberts Swart is op 5 Desember 1894 op die plaas Morgenzon in die distrik Winburg gebore.

Hy het sy loopbaan as klerk in 'n landdroskantoor op Winburg begin—reeds in 1909. Hy het egter dadelik met universiteitstudie begin en sy parlementêre loopbaan in 1923 begin toe hy Volksraadslid vir Ladybrand geword ret.

In 1941 het hy Volksraadslid vir Winburg geword wat hy tot 1959 gebly het toe hy bedank het om Goewerneur-generaal te word.

Dit is interessant dat hy in 1921 'n toespraak op 'n seepkissie in Hyde Park gehou het. In New Yorkse agterbuurtes het hy verskeie joernalistieke avonture meegemaak. Hy is 'n gekwalifiseerde rugby-skeidsregter, 'n onderhoudende grapverteller en lief vir boerdery. Hy boer op De Aap, naby Brandfort.



DIE EERSTE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN S.A.
Adv. C. R. Swart

## Studentemaat van President

*Die inhuldiging van die eerste Staatspresident van die Republiek Suid-Afrika is onder andere bygewoon deur prof. D. J. van Rooy, 'n studentemaat van die Staatspresident.*

*Prof. van Rooy het die Staatspresident goed leer ken as mede-student, as kultuurleier onder die studente, as sangleier op die verhoog, met voetbalwedstryde en as korporaal van hule verdedigingsafdeling.*

*Die inhuldigingsplegtigheid is deur prof. Van Rooy beskryf as ,,indrukwekkend en plegtig". Die eedaflegging en die omhang van die skouerband was inderdaad 'n skakel met die verlede — soos ons die presidente altyd vir ons voorgestel het", het prof. Van Rooy gesê.*

*Die toneel op die Kerkplein is deur prof. Van Rooy beskryf as onvergeetlik. Daar is ,,Die Stem" gesing soos dit gesing behoort te word — sommer so regstreeksuit die hart. ,,Eindelik het ons volk homself weer gevind", het Prof. van Rooy gesê.*

# Studente Bly Weg Van Klasse Op Rhodes

SOWAT 75 PERSENT VAN die studente aan die Universiteit Rhodes in Grahamstad het Maandag en Dinsdag van klasse weggebly uit protes teen die tydelike sluiting van die Universiteitskollege Fort Hare op Alice.

Die studente het die naweek op 'n monstervergadering besluit om vir twee dae geen klasse by te woon nie om met die ,,studente van Fort Hare te simpatiseer en om die publiek se aandag op hul houding ten opsigte van Fort Hare te vestig."

Hoewel slegs sowat 25 persent van die studente by die klasse opgedaag het, is lesings gewoonweg voortgesit.

### STUDENTE OUER

Rhodes in Port Elizabeth is nie deur die optrede in Grahamstad geraak nie en geen studente het van hul klasse weggebly nie. Die studente in die kusdorp is glo ,,effens ouer" as die in Grahamstad.

Die simpatieveldtog met Fort Hare het Saterdagoggend op Grahamstad begin toe sowat veertig studente van die Universiteit in akademiese drag deur die strate gestap het. Hulle het plakkate soos: ,,Education is colour blind", ,,Reopen Fort Hare" en ,,Vryheid for Fort Hare" gedra.

Die betogings is glo deur twee teologiese studente geïnspireer en volg op 'n week van intensiewe anti-republikeinse betogings by die Universiteit.

### VREUGDEVUUR

'n Straat is beskadig toe 'n vreugdevuur in die middel daarvan deur studente aangesteek is. Die Britse vlag is voor een van die koshuise halfstok gehys.

Saterdagmiddag het die studente 'n massavergadering gehou waar eenparig besluit is om twee dae geen klasse by te woon nie. Sowat agthonderd studente van die universiteit was in die saal terwyl nog meer buite rond gestaan het.

● (Saamgestel uit berigte in Die Transvaler en Die Burger.—Red., D.W.)

## Studenteraad Besoek Turfloop

Twee lede van die Studenteraad—mnre. J. J. de Wet Krüger en J. H. Boneschans—is op gisteraand se Studenteraadsvergadering aangewys om eerskomende naweek 'n welwillendheidsbesoek aan die Bantoe Universiteitskollege in Turfloop te bring.

Indien meer Studenteraadslede deur Turfloop se Studenteraad ontvang kan word—aangesien huisvesting en geriewe nog ontbreek—sal na verwagting meer gaan.

Ander Studenteraadslede wat moontlik sal gaan, is mnre. J. M. Els, J. J. de Jager, F. R. P. de Bruyn, P. A. Venter, C. J. H. Venter en P. R. P. Potgieter.

## NUSAS SKAKEL I.S.K.

Nusas het Maandag 'n versoek aan alle lede-universiteite gerig waarin hulle gevra word om openlik hul protes teen die sluiting van Fort Hare te kenne te gee en die tuisblyveldtog van Rhodes te ondersteun.

Nusas het ook met die sekretariaat van die I.S.K. (in Nederland) geskakel waarin besonderhede oor die sluiting verstrek word en steun vir die studente van Fort Hare gevra word.

Na verwagting sal die sekretariaat (Cosec) al sy geaffilieerde studente-unies skakel. Telegramme van protes sal aan dr. Verwoerd gestuur word, word verneem.

Die president van Nusas, mnr. Adrian Leftwich, het in Kaapstad verklaar dat die Studenteraad van Rhodes sy steun (aan die studente van Fort Hare) op 'n baie besliste wyse getoon het. Studenterade word aangemoedig om openlik hul houding bekend te maak.

Die Studenteraad van Wits het Maandag 'n telegram aan mnr. Ian McDonald, voorsitter van Rhodes se S.R., gestuur waarin volle steun vir Rhodes se optrede uitgespreek word.

DIE BULT
DROOGSKOONMAKERS
(EDMS.) BPK.
Vir Vinnige en Deeglike Diens
Tomstraat 90 Telefoon 2237

# Fort Hare - altyd nog 'n moeilike inrigting

FORT HARE HET TANS altesame 340 studente van wie die meeste Xhosas is. Daar is egter ook nog 52 Indiërstudente aan die kollege.

Fort Hare is in 1916 in die lewe geroep as die Suid-Afrikaanse Naturelle Kollege met tien studente en twee personeellede. Tydens die eerste jare van sy bestaan was dit niks meer as 'n hoërskool nie en in 1930 byvoorbeeld was van die 112 studente slegs tien nie besig met voor-matrikulasie studie nie.

In 1953 is die naam van die inrigting verander tot die Universiteitskollege van Fort Hare met 499 studente. Die aard van die inrigting het egter nie veel verskil van die van 'n sendingskool nie.

### TYD OORRYP

In 1955 het die Fort Hare-kommissie verklaar dat die tyd oorryp is vir die oorskakeling van skoolse status, metodes en atmosfeer tot die van 'n universiteit.

In hierdie jaar is die kollege dan ook onder die bedeling gesluit en verlede jaar is die inrigting dan ook geheel en al deur die Staat oorgeneem.

Fort Hare bly 'n moeilike inrigting en steeds 'n plek wat deur aanhitsers gebruik wil word as bewys van die mislukking van die Regering se ,,tribal colleges".

● Dit is sekerlik die reg van studente om die bestaande universitêre bedeling of landsbedeling te kritiseer. Maar dan kan dit immers langs konstitusionele kanale geskied. As versetpogings egter uitloop op onreëlmatighede en spanning, en moeilikheid tussen studente en owerheid sodat die goeie orde van die inrigting in gedrang kom, dan moet sulke optrede kortgevat word.

● Dit is dan ook werklik jammer dat die president van Nusas, mnr. Adrian Leftwich, so gou 'n verklaring in die openbare pers (berig elders in hierdie uitgawe) oor Nusas se steun aan die studente uitgereik het.—(Red., D.W.)

Trap vas met Dixi . . .
Dixi-Cola
Potch. Mineral Waters (Pty.) Ltd.
SHERR & SHAKINOVSKY
FOON 16 en 1144 POSBUS 134

Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie . . . spreek dan
EDDIE de BEER
DIAMANTSLYPER
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse
U soek die diamant en ons set hom na u smaak
BEL: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
OF
E. J. de Beer: 869-1260, Alberton

**TRANSVALIA MEUBELS BPK.**

KERKSTRAAT 180
TELEFOON 2157
POTCHEFSTROOM

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GOEIE GEHALTE

*„Ons Meubels word Erfstukke"*

**Vir daardie hol gevoel op die maag . . .**
Ons bak die HEERLIKSTE
**Vleispasteitjies**

Turkstra

BAKKERY BAKERY
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 61 Potchefstroom

**Wes-Transvaalse SPORT-WINKEL**

KERKSTRAAT 85

ENIGSTE VERSKAFFER VAN
**OFFISIËLE KLEURE**

**UNIE-BAKKERYE**
— Bakkers en Banketbakkers —
BROOD, KOEK EN PASTEITJIES
vir alle geleenthede
★
Spesialiseer in
TROU-, VERJAARDAG- EN DOOPKOEKE
Fabrieke te Potch. en Klerksdorp

die Wapad

# Blanke Arbeid

DIT HET AL 'N gemeenplaas geword om te sê dat in 'n demokrasie 'n regering slegs so vinnig kan handel as wat die kieserspubliek dit toelaat. Nietemin bly dit 'n diepe waarheid.

Nou het in Suid-Afrika die blanke al teenoor die nieblanke 'n sekere houding aangekweek, met name die blanke se houding van afhanklikheid van die nie-blanke se arbeid. Dit is dan ook 'n onweerlegbare feit dat te veel op nieblanke arbeid staat gemaak word.

Hoewel gebruik van die nie-blanke se arbeid in sekere opsigte 'n positiewe bydrae tot sy eie ontwikkeling lewer —aangesien die nie-blanke geleer moet word om te werk en verantwoordelikheid en inisiatief aan die dag te lê—lê die gevaarvolle daarin dat die blanke verleer om te werk of te selfgenoegsaam en in baie gevalle selfs te gemaksugtig is om te werk.

## ARBEID ADEL

Daarin lê die afhanklikheidsverhouding: dat die blanke nie sonder die nieblanke se arbeid wil (en kan) klaarkom nie. Wyle dr. D. F. Malan het reeds in 1932 verklaar: „Baie blankes verkeer onder die indruk dat harde arbeid nie deur hulle gedoen moet word nie, en besef nie dat werk 'n lewensbestaan verseker en dat arbeid adel nie."

Hierdie houding staan nie alleen in die onmiddellike weg vir die deurvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling vir die onderskeie kultuur- en rassegroepe nie, maar plaas Suid-Afrika as geheel voor die grootste kultuurkrisis van sy geskiedenis.

Wat ons as studente betref, is dit voorwaar 'n voorwaartse stap dat die besef ontwaak het dat dit nie net die taak van die landsowerheid is om die bestaande toestand te verbeter nie, maar dat daar op elke blanke in hierdie verband 'n taak rus.

## OPLOSSINGS

Daar is persoonlike werk wat elke mens vir homself behoort te doen. Dit sal niemand kwaad doen om by ete self sy bord kos te gaan haal, sy eie skoene skoon te maak, sy eie bed op te maak en eie kamer aan kant te maak nie.

Heirdie soort werk behoort elke mens eintlik vanselfsprekend te doen sonder dat daarvan 'n ophef gemaak word.

Dit is al by herhaling gesê dat die voortbestaan van die Republiek Suid-Afrika in velerlei opsig afhang van 'n behoorlike oplossing van die rassevraagstuk. Die studente van die P.U. vir C.H.O. kan nou toon hoe die gewone burger en burgeres 'n indiwiduele bydrae kan lewer tot die oplossing van hierdie vraagstuk.

# Ons en die Bruinmense

SEDERT DIE Republiekeinse volkstemming verlede jaar is in ons land deur Afrikaners harder, meer selfondersoekend as ooit tevore en selfs hardop gedink oor die bruinmense. In baie gevalle het hierdie gesindheid hom geuit in bra wilde en wollerige voorstelle en planne.

Die reeds aangekondige program van die Regering ten aansien van die bruinmense dra egter 'n stempel van praktiese realisme. Die regte en voorregte wat nou aan die bruinmense verleen word, sal vir hulle huidige peil van ontwikkeling van meer waarde wees as twyfelagtige politieke en maatskaplike gelykstelling met blankes, of selfs deur hulle terug te plaas op die gemeenskaplike kieserslys.

Die Afrikaner wil hierdie groot volksgroep, in alles so naby aan die blanke, begryp en help op sy pad van ontwikkeling tot goeie en volwaardige bure en vriende.

## GESINDHEID

Ons beleid heet afsonderlike ontwikkeling en nie uitsluiting of iets anders negatiefs nie en juis hierdie gesindheid van ontwikkeling spreek duidelik uit die berig wat elders in hierdie uitgawe oor die kollege in Bellville verskyn.

Die grondslag van die praktiese planne vir die bruinmense van dorpe en stede is eie gemeenskappe met eie besture. Nie uitdrywing en afsondering nie, maar die totstandbrenging van steeds volwaardiger dorpe is die dryfveer. Wat reeds vir nuwe en verbeterde huisvesting vir die bruinmense gedoen word, is 'n groot prestasie. Wanneer die beloofde volle ministerie vir hierdie opbouwerk saam met Kleurlingsake tot stand kom, sal die pas van gemeenskapsbou sonder twyfel nog verder versnel kan word.

## LEIERSKAP

Dit sal roep om leierskap onder die bruinmense, nie van die opgewonde, voortvarende ideologiese soort nie, maar waardig, saaklik en diensvaardig. Langs hierdie weg sal ware leiers aansien en eerbied verwerf, ook onder hul blanke bure.

Op hoër vlak wag daar dan 'n Kleurlingraad met verhoogde status en vermeerderde funksies, as skakel tussen die Kleurlinggemeenskap en die owerheid, maar boweal met die genoemde ministerie, wat al hoe meer die kragsentrale sal word vir alle ontwikkelingsplanne van die bruinmense.

van die bruinmense.

In hierdie tyd moet daar gewerk word aan groot onmiddellike take en gedink word oor toekomstige poli-

(Vervolg op bladsy 7)

# In U Lig

IN DIE HEBREËRBRIEF staan daar: „Deur die geloof het Josef aan die einde van sy lewe melding gemaak van die uittog van die kinders van Israel en bevel gegee aangaande sy gebeente." (Hebr. 11 : 22.)

Sy hoop is nie beskaam nie, want terwyl die verknegte volk daar in Egipte in ellende verkeer het, het die Here Moses daar agter die skape in die velde van Midian geskool vir die taak om die volk van die slawebande te verlos.

Die trotse Farao, met die gode van sy volk, moes swig voor die Almag van God die Here. Geen huis is ontsien nie—ook die Egiptiese troonopvolger, die Kroonprins in die paleis van Koning Farao, het gesterf. Die Egiptenaars kan nie haastig genoeg van die Israeliete ontslae raak nie.

**Exodus 13 : 17a.—„Toe Farao die volk laat trek het, het God hulle nie op die pad na die land van die Filistyne gelei nie, alhoewel dit nader was . ."**

## VERLOSSING

„Neem ook julle kleinvee en julle beeste saam soos julle gespreek het, en gaan weg en seën my ook."

Na 430 jaar van vreemdelingskap is die blye dag van verlossing uiteindelik daar: Nie langer meer die slawe van Farao nie, geen kindermoord, geenstriemende géselhoue, geen swetsende slawedrywers meer nie. Skoon lê die toekoms voor: die Beloofde Land—eens so ver in die verskiet, nou binne bereik, die land wat oorloop van melk en heuning.

Die uitting het reeds begin, dis nou nog net 'n kwessie van tyd. Langs die karavaanroete na die Noorde, gewoonweg vier of vyf dagreise ver, vanweë die menigte van die trekgeselskap nou moontlik 'n bietjie langer, en dan is hulle binne-in Kanaän—vry! . . .

● Wat is nou verkeerd? Stadigaan word dit duidelik dat daar van die pad afgedraai word, dat 'n ander roete gevolg word. Dit buig af na die Suide na die woestynland.

## DUISTER

Vir die volk is dit duister. En dit is ook maar goed dat hulle nie weet wat hierdie reis vir hulle inhou nie. Voordat hulle die Skelfsee bereik, sal Farao reeds sy ganse mag gemonster hê, sal hy terugkom op sy vorige besluit, sal hy kom om die bykans weerlose volk met wapengeld te oorrompel. Hulle sal vasgekeer sit tussen die aanstormende soldate en die golwe van die see.

En nadat die Here hulle uit dié benoudheid verlos het, dan lê al die ontberinge van die onderbergsame woestyn nog voor; gebrek aan lewensmiddele, voedsel en water; die vyandig loerende Amalekiete . . .

Maar die Here Self trek voor hulle uit, „bedags in 'n vuurkolom om hulle op die pad te lei, en snags in 'n vuurkolom om hulle voor te lig . . ."

● God bly aan sy woord getrou, hierdie land sal jou nageslag beërwe, nie langs die kortste en gerieflikste pad nie, maar langs die pad wat vir hulle, al weet hulle dit nie, die beste is, die pad wat langs Sinaï verbyvoer.

## ONS VOLKSLEWE

In ons volkslewe was daar 'n Mei

(Vervolg op bladsy 7)

# Uit Varsity van U.K. Come The Convention

It is obvious that the staff and students of this University are united in at least one thing—the call for a National Convention. One must simply assume that the 318 students who voted "yes" at the mass meeting represent all the students—certainly every student could have come; that they chose not to we cannot help.

One can also safely assume that the 300 or more staff who signed the declaration represent the majority of the staff of the University, especially when one remembers that medical staff were precluded from signing the petition.

That the action of staff and students was laudable, needs na saying, nor do we here intend to give the reasons for the necessity of a Convention. We merely wish to try to find some of the answers to this question—what should happen now?

Firstly, the staff and students must co-operate in every way possible. There must be more than liaison; there must be unity in action. The prestige and experience of the staff, combined with the vitality of the students, would be a very powerful weapon—more powerful than an army of policemen.

Secondly, the University of Cape Town effort must be extended to other universities, in South Africa and all over the world. There is not much hope of getting the Afrikaans universities to support the idea or the action, but perhaps a few brave students at Stellenbosch will. The Universities of Natal, the Witwatersrand and Rhodes will almost certainly join. There is a possibility of some support from the students at the tribal colleges—particularly from Fort Hare, where there is a proud record of courage and commitment. The Universities throughout the rest of the free world will also join us—they have in the past, and it is obvious that their feelings against baasskap are stronger now than ever before.

Finally, the Universities must co-operate in every way possible with other non-university movements in South Africa—with political parties, Congress movements, trades unions, church organisations, the Black Sash, women's councils, Chambers of Commerce and Industry, Town and City Councils and every organisation in South Africa that will eventually join in this call.

Do not forget one thing—this is the first time that South Africans who oppose apartheid have had anything positive to work for. How close South Africa is to a revolution even the most hardened Nationalists seem to realise. We no longer have the time to say: "This doesn't affect students—we mustn't worry about it." It affects every person in this country. And if we don't see to it that this Convention comes about, South Africa is going to suffer far more than it has ever suffered before.

A National Convention **must** be called.

# KLEURLINGSTUDENTE KRY SPOGTUISTE

**DIE UNIVERSITEITSKOLLEGE van Wes-Kaapland kry 'n nuwe spogtuiste—volgens die rektor, dr. J. G. Meiring, die „Nuweland" en kultuursentrum van Kleurlinge in Wes-Kaapland, luidens 'n berig in Die Burger.**

'n Begin is reeds gemaak met die oprigting van die nuwe gebou.

Die terrein vir die nuwe kollege is langs Modderdamweg tussen Bellville en die lughawe D. F. Malan.

Geriewe in die nuwe kollege sal van die modernste in die land wees. Sedert sy ontstaan is die kollege in 'n skoolgebou in Bellville-Suid.

**SPORTTERREIN**

Een van die belangrikste kenmerke van die nuwe kollege is die pragtige sportterrein wat aangelê sal word. By die ou kollege was daar geen sportgeriewe nie. Die sportterrein is reeds gelyk gemaak en met gras beplant en sal na verwagting aanstaande jaar reeds in gebruik geneem word. Daar is 'n atletiekveld, rugbyveld, 'n hokkieveld, tennisbane en 'n netbal- en krieketveld.

Die mooi universiteitsaal sal nie net vir akademiese byeenkomste gebruik word nie, maar sal as't ware die kultuursentrum van die hele gemeenskap wees. Voorsiening is gemaak vir toneelopvoerings en ballet- en orkesuitvoerings. Daar is kleedkamers en 'n lokaal vir kunstentoonstellings.

**MODERN**

In die gebou vir wiskunde en natuurkunde word voorsiening gemaak vir natuurkunde, plantkunde, sielkunde en dierkunde. Laboratoriums is uiters modern.

Voorsiening is ook gemaak vir latere uitbreiding van die kollege. 'n Gebou vir aptekerswese word in die vooruitsig gestel. Die hele terrein beslaan 140 morge. Om die gebou is 'n ringpad wat sal keer dat daar motorverkeer tussen die geboue is.

Daar sal uiteindelik drie koshuise wees—twee vir mans en een vir dames.

**GEESDRIF HOOG**

Die geesdrif onder die 323 ingeskrewe studente aan die kollege is groot.

Die verskuiwing na die nuwe terrein sal geleidelik plaasvind. Die gebou vir natuurwetenskappe sal teen die einde van die jaar voltooi wees.

Daar sal egter so gou moontlik begin word met die administrasiegebou, biblioteek en die gebou vir opvoedkunde. Die huidige gebou waarin die kollege gehuisves is, sal later 'n Kleurlingskool word.

Sowat 600 studente word na ses jaar by die kollege verwag en die getal na agt jaar sal waarskynlik sowat 800 wees. Nuwe kursusse is in die begin van die jaar ingestel in aptekerswese, Admissie, handel, maatskaplike werk en regte.

**BEROEPE**

Daar is veral 'n groot tekort aan Kleurlingaptekers en maatskaplike werkers.

Elke student is seker van werk as hy die kollege verlaat. Ná 'n opname by nywerhede is vasgestel dat daar oorgenoeg betrekkings vir Kleurlinge as superintendente en bestuurders is. Kleurlinge word ook voorberei om in hul eie gebiede prokureurs en advokate te word.

## Nuus oor Studente Elders

**Verskeie Belgiese studente is tydens 'n optog na die Verenigde Arabiese Republiek se Ambassade in Brussels beseer terwyl een student albei sy hande verloor het toe hy met die polisie slaags geraak het.**

**Die polisie het gewere, traangas en water teen die studente gebruik.**

* * *

**'n Student wil graag in Karachi 'n Akademie vir Westerse musiek stig.**

**Volgens die student gebeur dit dat honderde studente wat in Westerse lande studeer, geweldig eensaam voel wanneer hulle terugkeer na Pakistan en ander Oosterse lande.**

**Daar is reeds tekens dat Westerse musiek byval vind by die inheemse studente en die Pakistan-radio staan reeds een uur per dag af aan Westerse musiek.**

## Juriste Gaan Kragte Meet

*Die Puk se voornemende juriste gaan op Saterdag, 17 Junie kragte meet met hul kollegas in Pretoria.*

*In die middag sal kennis en vernuf aan die dag gelê word tydens 'n skynhofsitting. Die onderwerp is „Die opsie ten aansien van die verkoop van grond".*

*Dit vorm 'n uiters belangrike aspek van die Kontrakreg waaroor daar nog vele strydvrae bestaan.*

*Die skynhof sal die more egter voorafgegaan word 'n rugby- en tenniswedstryd tussen die Pukke en die Tukkies. Die spanne vir die „k l e i n Intervarsity" sal saamgestel word uit studente van die onderskeie regsfakulteite.*

*'n Gesellige funksie sal die dag afrond.*

*★ Die Studenteraad se bus is vir die geleentheid aangevra en die Pukke hoop om reeds teen nege-uur in die Hoofstad te wees.*

# Kommentaar op Roepstem uit U.K.

TWEE BEWERINGS wat implisiet in die mosie vervat is, trek trek dadelik die aandag:

In die eerste plek word per implikasie beweer dat die huidige Regering nie demokraties is nie. Tweedens is daar die insinuasie dat 'n Nasionale Konvensie in staat sal wees om ons ingewikkelde landsvraagstukke sonder seremonie dadelik op te los.

In dien die Regering van Suid-Afrika ondemokraties is, sal dit voorwaar uiters gewaagd wees vir enige regering ter wêreld om homself demokraties te noem. Want selfs 'n demokratiese regering durf nie aan ekstremistiese opposisielede van die volk vrye teuels gee om, op grond van sg. „fundamentele mensregte," onverantwoordelike en staatsondermynende aktiwiteite na hartelus uit te oefen en uit te brei nie.

Nog minder durf 'n beskaafde volk daartoe oorgaan om die landsbestuur oor te dra aan 'n meerderheidsgroep wat van beskaafde regering geen benul het nie en en wat in **harttogtelike selfsug slegs die inpalming** van die ganse Afrika as doel het.

**KAPITULASIE**

Dit sal eenvoudig onvoorwaardelike kapitulasie en selfmoord wees, soos wat België in die holruggeryde voorbeeld van die Kongo onder die druk van Wêreldmening gekapituleer het. En daarvoor is die oorgrote meerderheid blankes in Suid-Afrika sekerlik nie bereid nie.

Betreffende die vermoëns en bekwaamhede van 'n „Nasionale Konvensie", wil dit voorkom asof die voorstanders daarvan in hul idealisme die werklike toedrag van sake vandag in ons land uit die oog verloor.

Die meerderheid blanke Suid-Afrikaners sal hoegenaamd nie bereid wees om toe te gee aan die eise wat noodwendig in so 'n Konvensie aan hulle gestel sal word nie.

Dit is dus heeltemaal onrealisties om te beweer dat 'n Nasionale Konvensie in staat sal wees om alle landsprobleme op 'n vreedsame wyse op te los sodat dit alle berokke volksgroepe tevrede stel en ook om 'n regering daar te stel wat vir al hierdie groepe aanneemlik is.

Die mosie is op die massavergadering aanvaar met 318 stemme teen 30.

Eerstejaars kon nie stem nie.

Ongeveer 300 dosente van U.K. het 'n verklaring onderteken waarin so 'n Nasionale Konvensie aangevra word.

—(Red. Interuniv., D.W.)

Die mosie waarna hier verwys word, is reeds in die vorige uitgawe van Die Wapad gepubliseer.

Dit kom daarop neer dat 'n demokratiese opvoeding nie kan bestaan in 'n ondemokratiese gemeenskap nie, dat regverdige regering gebaseer moet wees op erkenning van fundamentele mensregte en dat die goedkeuring van diegene wat regeer word, nodig is vir 'n regering.

● Om hierdie rede is 'n Nasionale Konvensie deur 'n groep studente van U.K. aangevra.—(Red., D.W.)

# Meer Oor Konfederasie Uit Varsity

DIE volgende brief is oorgeneem uit „VARSITY", die studentekoerant van Universiteit Kaapstad.

„Ek het die betoog van die redakteur van Die Wapad vir 'n konfederasie van Suid-Afrikaanse studente met belangstelling gelees.

„Die gedagte is nie nuut nie en is reeds met belangstelling deur Stellenbosch, Potchefstroom en Rhodes en met teenkanting deur Wits en Pretoria ontvang.

„Daar is egter ondersteuning by Wits en Pretoria vir 'n verbetering in studenteverhoudinge. 'n Positiewe stap is al wat kortkom.

**LEIER**

„Kaapstad, as die grootste Engelstalige Universiteit, met die vermoë om ander se standpunte in te sien, indien nie te aanvaar nie, is die logiese leier in hierdie saak.

„Alle Suid-Afrikaanse studente sal saamstem dat daar 'n behoefte vir kontak tussen Engels- en Afrikaanssprekende studente bestaan.

„Die feit dat Nusas slegs die helfte van die studente in Suid-Afrika verteenwoordig, kan nie geïgnoreer word nie.

**OP DIE SPOOR**

„Ek weet persoonlik van slegs een vorige byeenkoms van studenteleiers —dié in Pietermaritzburg verlede jaar. Ek het die gesindheid van die Wits-afvaardiging soos volg verneem: ‚Ons moet gaan om die ander Nusassentra op die regte spoor te hou.'

„Ek is seker daarvan dat hierdie onopregtheid van doel nie slegs tot Wits, of die Engelstalige universiteite beperk was nie.

„Die beginsels waarvolgens 'n konfederasie gestig behoort te word, is die volgende:

„1. Volkome selfbeskikking van elke studentegroep oor sy eie interne aangeleenthede.

„2. Dit sal moet toestem dat die konfederasie nie alle Suid-Afrikaanse studente verteenwoordig nie. Die nie-blanke studente van die blanke universiteit sal nie die blanke studente verteenwoordig nie.

● „Die toekoms van ons land hang af van studente. Laat ons toon dat ons daardie groot vertroue waardig is. Dit is kaapstad se groot kans.

„Gebruik dit."—ARTHUR McWILLIAM SMITH (Universiteit van die Witwatersrand).

(Hierdie brief is aansienlik verkort.—Red.)

## Republiekbaba

Mnr. en mev. C. Smith het op Republiekdag die trotse ouers geword van Potchefstroom se Republiekbaba. Mnr. Smith is instrumentmaker by die Universiteit.

**Studente !**

Kuier vir

**Joubert se Fiets- en Elektriese Dienste**

VIR VINNIGE DIENS EN REDELIKE PRYSE

**HEIDEMA**

DIE ADRES VIR:

FIETSE
TIKMASJIENE
BROMFIETSE

Kerkstraat 48 Telefoon 364
POTCHEFSTROOM

**FLEURETTE**

SPESIALE WAARDE VIR STUDENTE

Mooi *RUIKERS* en *BLOMME* veral *ROOI ANGELIERE* vir *VERLIEFDES*

*Studente!*

Besigheid of FLIEK in die dorp
STOOR JULLE FIETSE TEEN $2\frac{1}{2}$c PER DAG
EN KOOP SNOEPERYE BY
**Annellas Restaurant**
Kerkstraat 85 Potchefstroom

Probeer ons eerste vir

AL U BOEKE, SKRYFBEHOEFTES EN ANDER BENODIGDHEDE

OPEN 'N REKENING BY

**AJAX**

**Boeke en Skryfbehoeftes**

KERKSTRAAT 159 TELEFOON 3458

*Cachet Modes*

(EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389
POTCHEFSTROOM

**Rokmateriaal -- veral roklengtes**

**NOMOTTA-WOL in voorraad**

# Nasionale Universiteite
## -- prof. J. H. Coetzee

'n FAKTOR WAT IN DIE beoordeling van die bestaansreg van die nasionale universiteit veelal uit die oog verloor word, is dat dit vandag feitlik die boonste begrensing van die volksonderwys geword het.

'n Baccalaureusgraad neem almeer die plek in van die vroeëre standerd VI en latere matriek. Daardeur het die voorgraadse opleiding baie probleme gemeenskaplik met die skool, waaronder die studiemetode, die onderrigmedium en die onrypheid van 'n al jongere geslag studente seker die vernaamste is.

Wetenskaplike vorming is eintlik nie meer die primêre taak van die voorgraadse afdelings van ons universiteite nie. Persoonlikheids- en karaktervorming en gestaltegewing van die lewens- en wêreldbeskouing van studente word vandag ewe veel beklemtoon.

### HOËRSKOOL

Die feit is nie weg te redeneer dat hierdie afdeling van ons universiteite sterk kenmerke van 'n hoërskool vertoon nie. Hoe ons dit gaan verander, weet ek nog nie.

Maar word hierdie tweede funksie verwaarloos, gaan ons myns insiens nog meer „geleerde barbare" of geleerde adolossente aan die samelewing lewer.

Dit is juis hierdie klem op die opvoedingsfunksie wat dit selfs sterker as voorheen bind aan die nasionale aard, aspirasies en behoeftes.

### AFGESLOTE

Dit moet toegegee word dat bogenoemde geen rede is waarom die nasionale universiteite hermeties afgeslote inrigtings hoef te wees nie. Dit lê in lyn met die algemeen aanvaarde pedagogiese beginsel om van die bekende na die onbekende uit te werk.

Van die huisgesin na die laerskool, die middelbare inrigting, die kollege en die universiteit het ons te doen met geleidelike wyerwordende kringe waarin die ervaringshorison vir die leerling al groter word en hy trapsgewyse in die vreemde milieu ingevoer word.

Vergelyk in hierdie verband die praytyk ten opsigte van taalonderwys: met die moedertaal as onderrigmedium vir die beginner, daarna 'n vreemde taal as vak; dan die vreemde taal as indirekte onderrigmedium, d.w.s. in die gebruik van handboeke



Derde artikel in die reeks deur prof. J. H. Coetzee.

in ander tale, en ten slotte eers 'n ander as die moedertaal as voertaal vir alle vakke of vir 'n gespesialiseerde rigting.

### SOEPELHEID

Met ander woorde, by die universiteitstadium kan daar groter soepelheid wees in die onderlinge internasionale toelating as by die hoërskool, byvoorbeeld.

Hier raak ons wel 'n verskil in benadering. Vir die positivis en relativis soos vir elkeen vir wie nóg godsdienstige beginsels tel, sal die beperkinge minder waarde hê as vir die nasionalis en die Calvinis (selfs ook vir Rooms-Katoliek of aanhangers van ander godsdienstige stelsels soos Mohammedane).

### CALVINIS

Vir die Calvinis is dit van lewens- en sterwensbelang dat selfs op die vlak van die universiteit sy kind in die wetenskaplike opleiding onderrig sal ontvang in ooreenstemming met sy Geloofsbegronde huislike opvoeding, in die lig van die Skrif.

Vir die nasionalis is dit ewe belangrik dat van sy opgroeiende kind aan die universiteit nie 'n gedenasionaliseerde wese gemaak sal word nie.

Om begryplike redes voel ons hierdie dinge in Suid-Afrika veel sterker aan as in Engeland, die V.S.A., Nederland, Frankryk, ens. Daar gaan dit bloot om die bywoning van 'n universiteit in 'n ander land met 'n ander nasionale en kulturele geaardheid en atmosfeer: om blote kulturele differensiasie.

Maar in Suid-Afrika kom nog ook die strydmoment, gebore uit ons geskiedenis, by. Dit geld die Afrikaanse, Engelse en Bantoe-inrigtings.

● (In die volgende uitgawe skryf prof. Coetzee verder.)


**Noordbrug Kontantwinkel**

(Eien. A. J. Botha)

PRESIDENTSKOENE teen die laagste pryse in Potchefstroom en alle STUDENTEBENODIGDHEDE

Langs NOORDBRUG-Poskantoor


# LAAT NUUS

Speurders het gister 'n aantal studente van die Universiteit Rhodes in die plaaslike kantoor van die Distriks-kommandant ondervra, is verneem.

Geen amptelike verklaring is egter nog uitgereik nie.

Mnr. Leslie Blackwell, voormalige L.V., regter en tot die einde van 1959 professor in die regte aan Fort Hare, het gister in Kaapstad gesê dat die sluiting van Fort Hare die hoërskool atmosfeer van die Regeringsbeheerde „tribal colleges" beklemtoon.


Dit verbaas hom nie dat die Regering Fort Hare gesluit het nie, want Fort Hare het tans geen eiemagte nie.

# Lektor aan P.U. Ontwerp Unieke Masjien

DR. F. J. DU PLESSIS, SENIOR LEKTOR in Ekonomie aan die P.U. vir C.H.O., het 'n unieke masjien ontwerp waarvolgens ekonomie as 'n abstrakte vak meer konkreet voorgestel kan word. Hierdie masjien is bruikbaar vir studente van eerste jaar tot magister omdat 'n mens dit so ingewikkeld kan maak as wat jy dit wil hê.

Dr. Du Plessis het die bepaalde masjien self ontwerp. Min of meer soortgelyke masjiene is reeds gebou. Die model van dr. Du Plessis word in die Fisikalaboratorium deur die Universiteit se instrumentmakers gebou en die onkoste verbonde aan die masjien word deur die Raad van die universiteit gedra.

By voltooiing sal die P.U. die enigste universiteit in die land wees wat so 'n masjien besit. Dit sal ook een van die weiniges in die wêreld wees. In Nederland is daar so ver bekend een soortgelyke, in Engeland is daar omtrent drie. Hoeveel daar



Dr. F. J. du Plessis. -[Foto: Potchefstroom Herald.

in die V.S.A. gebruik word is nie bekend nie.

### DUBBEL GROOT

Hierdie model is bykans dubbel so groot as al die ander bestaande modelle en staan 10vt. x 7vt. x 3vt. in sy sokkies. Die grootste gedeelte van die model word uit perspex vervaardig. Die materiaal is duur en sommige van die buise daarin kos tot R1.10 per vt. Volgens skatting sal die materiaal alleen oor die R600 beloop en die arbeidskoste daaraan verbonde 'n bietjie meer.

Vir die model is vier elektriese motors uit die V.S.A. bestel aangesien hulle nie hier of in Engeland verkrygbaar is nie. Die motor(tjie)s is ongeveer 2½dm. by 3 dm. en kos R50 stuk, kleinhandel.

Die model werk op die beginsel van 'n geslote vloeisisteem waar die vloeistof die geld voorstel wat deur die ekonomiese struktuur vloei. Die model word gebruik om die veranderinge in die ekonomiese struktuur op nasionale- of volksinkome aan te dui.

### BELASTING

Dit sal die invloed van belastingverandering op die land se ekonomie en ook die invloed op die buitelandse ekonomie kan vasstel. Soortgelyk sal dit kan aandui die invloed van die bestedingsprogram van die owerheid, die invloed van verandering in die neiging om te spaar, verandering in die rentekoers en wisselkoers, veranderings in beleggings en bestedings, invoergeneigdheid en uitvoer.

Die model is so gekonstrueer dat elke invloed afsonderlik of ook gelyktydige veranderinge geïllustreer kan word. Verder het die model 50 punte waarin dit verstel kan word sodat 'n oneindige aantal kombinasies moontlik is.

Van hierdie punte is sommige outomaties terwyl andere deur die operateur gereguleer word met die moontlikheid dat die outomatiese ook met die hand gereguleer kan word na gelang dit nodig is.

### GRAFIEKE

Op die model word bewegende grafieke aangebring waarop volksinkome en betalingsbalans met verloop van tyd aangedui word. Verder is daar 'n hele aantal skale wat rentekoers, wisselkoers en pryse aandui.

● Dr. Du Plessis het die hoop uitgespreek dat die model spoedig voltooi sal word sodat dit gedurende die tweede semester in gebruik geneem kan word.

# OPROEP OM SAMEWERKING
## —PROF. H. J. J. BINGLE

IN SY TOESPRAAK by die „Opmars van die jeug" tydens die Republiekviering in Potchefstroom op Dinsdag 30 Mei, het prof. H. J. J. Bingle 'n beroep gedoen op die Engelssprekendes in S.A. om met die Afrikaners saam te staan en as mededraers van die Wes-Europese kultuur en die Christendom die voortbestaan van blank Suid-Afrika uit te bou.

„Hierdie land is ook u land, laat ons die hande inmekaar slaan om nog groter te bou as in die verlede: nie deur mag of geweld nie maar deur die krag van die gees."

### LEIDING

Hy het die hoop uitgespreek dat ons op die grens van die nuwe bedeling nie alleen staan nie maar dat ons sal saamstaan en die nie-blankes langs die weg van reg en geregtigheid sal lei tot uiteindelike selfbeskikking.

Prof. Bingle het sy toespraak afgesluit met die woorde: „'n Jong nasie is op mars, nie deur geweld nie, maar deur die krag van die gees, onder die banier van die Republiek van Suid-Afrika, met die kreet op die lippe en die belydenis in die hart: Ons vir jou Suid-Afrika, Suid-Afrika vir God."

Ook mnr. H. H. Holtzhausen, burgemeester van Potchefstroom, en eerw. David Jones het die versamelde menigte, wat veral uit jongmense bestaan het, vanaf die lae dak by Ackermans toegespreek.



Prof. H. J. J. Bingle.


„LIEWE INGRAM, EK VERLANG" . . .
„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN" . . .

Besoek

**INGRAM SE DRANKWINKEL**

Allerlei

★ WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK

★ DRUIWESAP, CYDER, LEMOENSAP TAMATIESAP en KOEJAWELSAP in bottels en blikkies

Posbus 171—Kerkstraat 122 Tel. Nrs.: 12 & 2582

**W. LINDEQUE**

'N SKOENSPESIALIS VAN FAAM!

KERKSTRAAT 64 TELEFOON 1280

Ook 'n tak binne u bereik, in

**Joubert se Fiets- en Elektriese Dienste**

SPESIALE PRYSE VIR STUDENTE

# *Warm uit die oond op die Campus*

HIER IS EK weer met die eksklusiewe onthullings en dramatiese ontboesemings oor die liefde en sy komplikasies.

Dinge is sekerlik aan die kook, en gebeure volg mekaar so vinnig op dat dit die Kongo „slow motion" laat voel. Al verskil is net: daar word met geweer geskiet, en hier word weer en weer geskiet.

● Daar is dit die vyand wat probleme bring, en hier is dit die winter. Daar is bosse en wilde diere, en hier is dit bome, spykerbankies en liefdesgiere.

Tog snaaks hoe goed ons ou plekkie ook met die res van die wêreld vergelyk.

### PYL EN BOOG

Wag, laat ek julle nou vertel wat ek al uitgevind het van party mense wat nog op die primitiewe manier met pyl en boog geskiet is.

Soos die kyste deesdae op mekaar volg, sou ek egter eerder wou glo dat Kupido 'n masjiengeweer gehad het. Dat die Puk oortrek en oorvol van kyste is, is seker, maar dat party baie sku is vir bekendmaking in die pers is net so seker.

### IN DIE MOU

Ek dink hier nou spesifiek aan mense soos **Nic Swart.** Hy en **Albertha Howell** voer baie dingetjies in die mou, waarvan hulle min wil uitlap.

Daarom kan ek nie amptelik van 'n kys praat nie, maar 'n mens kan darem dink wat jy wil.

**Matthys Rosseau** het ook nie op hom laat wag nie. **Marietjie Hickey** wou hom ook nie laat wag nie, en al gewag wat daar nou is, is vir sleeptyd in die aand, sodat die twee gekysdes mekaar kan sien.

**Klaas Badenhorst** en **Cora van Wyk** het koppe by mekaar gesit om te dink hoe hulle wettiglik by mekaar kon sit. Die enigste oplossing was 'n kys.

### EERSTEJAARS

Dat die eerstejaars stadig maar seker besig is nie net seniors te leer ken nie, maar ook ander is bewys deur **Paul Avenant** en **Carolina van Schalkwyk.** Die gevolg is nie net ken nie, maar kys.

Mense soos **André Coetzee** kan groot verwarring veoorsaak. In De Klerkhuis is **Nicolette Coetzee** (hulle is nie getroud nie en het ook nie dieslfde pa nie). Die gevolg is 'n Coetzee-Coetzee-kys. Nou veroorsaak hy nie meer verwaring nie, maar verwarming.

Amper iets soortgelyks is die geval van **Gerrit Kruger.** Die rede vir sy bedeesdheid is die kys met **Retha Kruger.**

### VREUGDEDAG

Snaaks hoe lank Vreugdedag se gevolge nog kan geld. Eintlik was die vreugdevolle dag as daardie vorige aant gedurende vlotbouery gewees. **Jacob Johannes van Nie-Kerk (Jakes)** en **Susie Howell** het nie net vlotte aan mekaar gespyker nie—'n kys ook.

### VERLOOF

**Nic Wolmarans** het toe so by homself besluit dat hy klaar is met die dinge van 'n kind. **Engela Coetzee** se verloofring is die bewys daarvoor.

So tussen alles verneem ons dat **Petrus de Klerk** (van Durban) knaend besoek aflê by 'n rooikopaster in die Dorp . . . wat gaan daar uitbroei . . .?

Dit nou eers daar gelaat, want die lewe bestaan nie net uit liefde en koue water nie. Daarom sal ek julle tot volgende uitgawe verskoon as julle eers wil gaan swot of skiet.

* * *

● Moenie uitstel tot more wat jy vandag deur 'n ander kan laat doen nie.

—ONZE OOM LOKOMOTIEF.

## IN U LIG

(Vervolg van bladsy 4)

1902. Tevergeefs was die lyde, die ontberinge, tevergeefs is goed en bloed geoffer: Die pad het afgedraai, die oorwinning wat soms so naby geskyn het, is nie gesmaak nie. Die Republieke is begrawe. Bitter, onverstaanbaar, duister. „By die riviere van Babel daar het ons gesit, ook geween as ons aan Sion dink. Aan die wilgerbome het ons ons siters opgehang." (Ps. 137 : 1 en 2.)

● Waarom?

Nou is die antwoord op 31 Mei 1961 gegee. Ons wou twee Republieke in 'n verdeelde Suid-Afrika hê, ons wou die pad wat vir ons die kortste en maklikste gelyk het, volg, maar Hy, Die Beskikker van die lotgevalle van nasies, die Here Onse God, het ons gelei op die beste pad—nou ontvang ons soveel meer, die Republiek van Suid-Afrika, wat ook Natal en die Kaapprovinsie insluit.

### VASTE KOERS

Voor ons is die pad ook donker, ongenaakbare woestyn. Ons het in die wêreld skynbaar geen vriende meer nie, 'n harde taak wag op elkeen van ons. Beklemmend is die vraag: Waar is ons wolkkolom, waar is ons vuurkolom?

● Het ons dan geen Leier nie?

Neem die Bybel in die hand, dan het ons weer 'n vaste koers, dan gaan ons die toekoms onverskrokke tegemoet, gelei deur die Woord van God. Dan weet ons, ook in ons persoonlike lewe met sy kommer en swaarkry, teleurstellings op elke gebied, hierdie is maar 'n aardse wat afgebreek sal word, ons burgerskap is in die hemele, die Ewige Kanaän daar anderkant.

Dan sit ons skouer aan die wiel in dié besef:

„As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk dit wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter."

F. J. du T. LESSING.

## HOKKIESPAN KOM TWEEDE

Die eerste manshokkiespan het op Saterdag 27 Mei in 'n ligawedstryd teen Lichtenburg (op Lichtenburg) lelik tweede gekom. Die eindtelling was ses doele teen twee in Lichtenburg se guns.

Die Pukke het van die begin af gesukkel en nooit juis na 'n wenspan gelyk nie.

Een van die Pukke se staatmakers, Gert Snyman, wat nog nie behoorlik van 'n vorige besering herstel het nie, is vroeg in die wedstryd weer eens beseer nadat hy gesorg het vir die mooiste doel van die wedstryd. Die ander doel vir die Puk is deur Jan du Preez aangeteken.

## Redaksioneel

(Vervolg van bladsy 4)

tieke reëlings en verhoudinge. Laasgenoemde proses sal egter deur oorhaastigheid en voorbarigheid nie nou die gewenste resultate bereik nie. Want ons moet altyd onthou dat 'n gesonde beleid te gronde kan gaan weens slegte toepassing.

### UITDAGING

Die Universiteitskollege Wes-Kaapland wat die teelaarde is van die bruinmense se leiers van die toekoms, is nie iets wat afgesonderd op sy eie bestaan nie, maar te midde van die volle werklikheid en omstandighede van ons land.

Hierdie werklikheid rig aan die bruinman 'n uitdaging om sy eie heil en toekoms uit te werk. Dit plaas op hom die allergrootste verantwoordelikheid. En die kollege kan oor die jare heen die edelste bewys lewer dat hy nie te lig bevind is vir sy taak nie.

## INTERESSANTE LESING OOR BOESMANKUNS

„DIT IS JAMMER dat die Boesmankuns negentig jaar gelede met die uitroeiing van die Boesmans die nek ingeslaan is."

Dit het prof. G. Dekker gesê toe hy onlangs die Potchefstroomse Studiegroep van die Suid-Afrikaanse Akademie en die Afrika-Seminaar van die plaaslike Universiteit toegespreek het. Prof. Dekker se onderwerp was „Die Prehistoriese en Boesmanskilderinge in die Unie van Suid-Afrika."



Prof. Dekker.

In Frankryk, Spanje, Rusland, Australië en Israel word ook primitiewe rotsskilderinge aangetref en hierdie rotstekeninge is dus nie uniek aan Suid-Afrika nie, het prof. Dekker gesê.

Interessant is dit om te weet dat die rotsskilderinge van Spanje 'n sterk ooreenkoms toon met dié van Suid-Afrika. Spreker het gesê dat kenners meen dat die tekeninge moontlik deur 'n verwante volk gedoen kon gewees het.

### DOODGESKIET

Negentig jaar gelede, tydens 'n uitroeiingsjagtog teen die Boesmans, is die leier van 'n sekere bende doodgeskiet. Hy het sekere voorwerpe gehad, wat by nadere ondersoek geblyk het verfpotjies met verf te wees. Prof. Dekker het hierdie gebeurtenis genoem om sy bewering, nl. dat Boesmankuns negentig jaar gelede die nek ingeslaan is as gevolg van die uitroeiingsveldtogte teen die Boesmans, te staaf.

Heeltemal prehistories, gedeeltelik prehistories en histories is die drie fases waarin Boesmankuns ingedeel kan word, het spreker gesê.

Die hoofkenmerk van die eerste periode is dat die persone wat daarvoor verantwoordelik was, die diere waarvan hulle vir voedsel afhanklik was, geskilder het. Hierdie kuns was baie eenvoudig en nie „kuns" in die ware sin van die woord nie. Hierdie „kunstenaars" het die geheim geken om kleurintensiteit te laat verskil deur die verskillende kleure te verhit.

### HOUDINGE

Die tweede periode was 'n baie ryk tydperk en was gekenmerk deur die feit dat die diere nou in verskillende houdinge gesien is en nie meer lateraal soos vroeër nie. Die kleure van hierdie periode was ook meer duursaam as die van die vorige tydperk.

„Die mens as jagter" was die hooftema van die derde en laaste periode. Hier word gevind uitbeeldinge van Boesmans wat met mekaar veg asook Bantoes wat met mekaar in gevegte gewikkel is.

### OPMERKLIK

Dit is opmerklik dat die Boesmans hulleself as lang, slank wesens uitbeeld en die Bantoe, wat hul groot vyande was, as kort, koddige figuurtjies met mismaakte gesigte, het prof. Dekker gesê.

„Die Boesmanskilderinge van Suid-Afrika is 'n kosbare kultuurerfenis waaraan veel meer aandag gegee moet word," het prof. Dekker ten slotte gesê.—Potchefstroom Herald.

## 'N LIGTER BLIK OP ONS GROOT GESKIEDENIS

DAG REPUBLIKEINE! Welkom in ons Republiek waarvoor ons so lank geveg het — waarvoor ons referendum gehou het waarvoor ons plakkate opgeplak het, waarvoor ons strye gestry het, redenasies geredeneer het, argumente geargumenteer het, wense gewens het en hope vol hope gehoop het. Ja, alles het sommer opgehoop.

Nou het ons die staatsvorm wat ons wou gehad het, en kan ons ook so belangrik en volmaak wees soos die ander onafhanklikes o.a. Amerika, Kongo, Holland, Nigerië, Engeland, Ghana en Suidwes-Afrika.

Nou het ons die eertydse monargie heeltemal afgeskud, en al wat ons nog daarvan oor het is Pat Boone en Cliff Richards, vir wie my ou volkie in elk geval 'n groter ontsag het as vir die kroon. Tog 'n kultuurbeswuste ou nasietjie waarvan ek die eer het om 'n lid van te wees!

### WONDER

As ek vandag so aan die wonder van ons Republiek dink, dan kan ek nie help om aan ons ingewikkelde geskiedenis te dink nie.

Ek sien weer voor my die republieke van Swellendam, Stellaland en die oorgrens. Daarna kom die unies van Natal en Zoeloeland. Toe kry ons die sports met Adam Kok en Hans $H_2O$-boer.

Hierna, so sê die koerante en sprekers, kry ons 'n oorlog op eie bodem. Daarna was dit vir ons volkie definitief „touch bottom".

### SASOL

Maar na hierdie oorlog kry ons in Suid-Afrika 'n ongekende groei en ontwikkeling. Dit het so erg gegaan dat ons Sasol moes oprig om brandstof te vervaardig vir al die motors wat ons besit het.

Ons moes Yskor oprig om yster te maak van al die ystererts wat ons gehad het. Ons moes toe ook goudmyne grawe vir al die troues wat ons gehad het, en diamantgaaie afkleim vir al die diamante wat ons het (wat het julle tog nou weer gedink?)

● Wag, laat ek aangaan met my geskiedenis, anders hardloop ek die tyd verby.

### UNIFIKASIE

Nouja, laas was ek by die oorlog. Daarna kry ons skielik unifikasie wat belangrike gevolge vir die nageslag gehad het, nl. 'n publieke vakansiedag elke jaar.

Net 'n paar jaar na hierdie dinge gebeur daar toe mos die eerste wêreldoorlog waarin S.A. 'n geweldige aandeel gehad het.

● Kyk, die ding staan so: Churchill het vir genl. Louis Botha gevra of hy nie die lugmag wat ons toentertyd gehad het vir die oorlog wou stoot nie. Botha was dadelik bereid, maar het nie geweet of hy een vliegtuig of altwee moes stuur nie.

Dit was egter nie al nie; baie dinge het gekom en gegaan. Party dinge het gebly, en ander het hulle ry gekry. So het die Unie gebly, terwyl die tevredenheid daarmee sy ry gekry het.

Dit het later so erg gegaan dat ons moes begin dink het aan 'n republiek, en soos die ou mense ammelewe gesê het: waar daar 'n wil is, is 'n weg, en so is dit vandag weg met die Unie.

● Mede-republikeine, daarom kan ek vandag saam met die digter sing: „The old queen Bettie she ain't what she used to be, a few short days ago."

ONZE OOM WITTREIN.

**U** het volop keuse in **ONS** groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BEPERK**

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

**KERKSTRAAT 91—95** **TELEFOON 1164 & 497**
**BORCHERDSTRAAT** **TELEFOON 3431**

**POTCHEFSTROOM**

# PUKKE VERSLAAN WESTERN REEFS

## Belangrike Botsing Nou Voor

NA DRIE WEKE waarin aan geen wedstryde deelgeneem is nie, het die eerste span Saterdag vir 'n verandering met hul sterkste span daarin geslaag om Western Reefs met 16 punte teenoor 0 te klop. Die Pukke kon nog verder gewen het as hulle hanteerwerk en samespeel by tye beter was — dit kan egter gewyt word aan die lang aflê en ook die sterk wind wat Saterdag gewaai het.

Die wind het hanteerwerk baie bemoeilik, veral in die tweede helfte toe die Pukke met die wind van agter gespeel het. Die Pukke het desnieteenstaande die bal altyd lug gegee en was telkens gewaarlik, met Carl Grundlingh kort-kort deur 'n gaping en die twee van der Schyff-senters (Jan en Johan) lus om te hardloop.

Skrumskakel Piet van der Schyff het aan die begin gesukkel, dog gaandeweg beter begin speel. Schalk Hoogenboezem het op heelagter



Schalk Hoogenboezem.
[Foto: Fotokuns.

weer sy bestendige spel gelewer en veral sy buitelynskoppe teen die wind in was goed. Smous van der Westhuysen en Fido Barnard is twee gewillige vleuels, lg. moet net sy verdediging opknap.

### VOORSPELERS

Onder die voorspelers het veral die losvoorspelers Piet Bosman en Koos du Plooy en slot Koos Hattingh en Piet Bingle woelig vertoon. Hattingh is nie alleen 'n krag in die lynstane nie, maar ook 'n doring in die los.

Kaptein Piet Bosman trek veral die aandag met sy slim speel en is een van die weinige voorspelers wat die kuns meester is om die bal uit die losskrums so vinnig moontlik aan sy agterlyn te besorg.

Tog kan die Pukke nie juis tevrede voel met hierdie vertoning nie omdat hul teenstaanders soms werklik swak gespeel het. Om Normaal te klop sal daar stukke beter gespeel moet word.

Vir die Puk het Koos du Plooy en Piet van der Schyff drieë gedruk terwyl Jan van der Schyff met 'n strafskop en twee vervyfskoppe die ander punte aangeteken het.

### NORMAAL

Op Saterdag 17 Junie vind die eerste wedstryd van twee teen Normaal plaas—'n wedstryd waarvoor groot belangstelling heers. Na 'n lang segetog het die Pote verlede jaar die Pukke van hul „troon" gestoot toe hulle 'n welverdiende oorwinning behaal het in die tweede ontmoeting (die Pukke het die eerste ver gewen). Om verlore prestige te herstel sal die Pukkies dus aanstaande Saterdag met hul bure moet afreken.

In hierdie stadium is die Pote waarskynlik die gunstelinge en kan 'n oorwinning vir die Pukke moeilik voorsien word. Bewys hiervan is die goeie vertoning wat Normaal teen hul Pretoriase kollege-genote gelewer het en die oorwinning wat hulle Saterdag oor Klerksdorp behaal het.

Daarteenoor het die Pukke in hul ligabotsings nog maar eina-eina gevaar en moes hulle die vlag stryk voor Klerksdorp en Lichtenburg; oor die oorwinnings oor Goldfields-Wes, Strathvaal en nou oor Western Reefs kan die Pukke ook nie juis „swoon" nie.

### PROEFNEMINGS

Die Pukke is op die oomblik nog besig om proefnemings uit te voer, hoewel dit lyk of die span besig is om vorm aan te neem. As manne soos Johan van der Schyff, Fido Barnard en Koos Hattingh eers tuis is in die eerste span, dan kan die Pukkies vanself in 'n gedugte kombinasie ontwikkel.

Veral verblydend is die tekens dat die Puk se agterlyn ten einde laaste besluit het om liewer die bal te dra.
● Alle tekens dui dus daarop dat dit 'n botsing duisend gaan wees. 'n Mens kan maar net hoop dat die Pukke man en muis hul eerstespan vanaf die pawiljoen sal gaan ondersteun; want een ding is seker, al wat Poot is, gaan daar wees.—(Sportred., D.W.)

# Fires Speel Gelykop In Taai Wedstryd

DIE DERDE SPAN van die Puk het Saterdag in 'n saai maar ietwat ruwe wedstryd daarin geslaag om gelykop te speel met die derde span van Western Reefs met 6 punte elk.

Na ongeveer vyf minute se spel is Piet van der Bank beseer en die voorspelers moes sonder die goeie diens van Ernie van der Merwe klaarkom wat toe na die vleuelposisie verskuif is.

Ongeveer 15 minute voor die einde is Mike Prins ook beseer en hy het toe gaan oorneem op vleuel terwyl Ernie van der Merwe teruggekom het voorspelers toe.

Hierdie beserings het daartoe gelei dat die Pukke veral in die lynstane tweede viool moes speel.

### SPEEL 'N BARS

Onder die voorspelers het Opperman 'n bars gespeel in die vaste spel terwyl Johan Breytenbach geen los bal onaangeroer gelaat het nie. Die agterspelers het nie juis kans gehad om hulle slag te wys nie aangesien die skrumskakel nie die bal behoorlik kon wegstuur nie.

Punte is aangeteken deur Johan Breytenbach (drie) en Koos Vorster (skepdoel).

# Navy Speel Pragrugby

Die tweede span van die Puk het verlede Saterdag weer hulle tradisionele kleur gewys en die tweede span van Western Reefs met 17 punte teen agt verslaan.

Die wedstryd is gekenmerk deur pragtige samespel deur die voorspelers aan die Pukke se kant. Hulle het een en almal ingeklim en sowel die skrums as die lynstane oorheers.

Onder die agterspelers het Friedel Swart getoon dat hy weer besig is om fiks te word en sy diens aan sy losskakel was baie bestendig. Die agterlyn maak egter nog die ou fout om te skuins te hardloop.

Drieë is aangeteken deur Du Plessis (twee), Serfontein, Swart en MacDonald, waarvan en deur Sauerman vervyf is.

# PUK TEEN POTE

Die Pukke speel op 17 Junie teen Pote. Dit voorspel 'n taai botsing. En dit beteken ook dat alle Pukke daardie dag op die pawiljoen moet wees.

# Intervarsity Op 26 Aug.

Na baie moeite en onderhandelinge is eindelik besluit dat Intervarsity vanjaar op 26 Augustus gehou sal word. Dit vind vanjaar op Potchefstroom plaas.

Voortaan sal Intervarsitys jaarliks op die derde Saterdag van die tweede semester gehou word en sal die faktor van onsekerheid seker iets van die verlede wees: nou weet elke Universiteit om sy bepalings so te reël dat dit nie met Intervarsity sal bots nie.

Vooruitsigte in hierdie stadium? Hoewel die Pukke vasberade is en ook oortuig is dat vanjaar hulle jaar is, en des te meer omdat U.O.V.S. van baie van hul ou manne ontslae geraak het, lyk dit of die Bloemfonteiners aan die brand is en sal die Pukke met hul allerbeste voor die dag moet kom om hulle die loef af te steek.

Maar dis mos juis wanneer 'n mens dit nie verwag nie dat die onverwagte gebeur—daarom hoop die Pukke dat die bordjies vanjaar verhang gaan word. Eers moet ons net met ons bure afreken.—(Sportred., D.W.)

# Onder-19-span behaal weer mooi oorwinning

DIE ONDER 19-A-VOETBALSPAN het verlede Saterdag met spannetjie van Koöperasie afgereken en 'n mooi oorwinning van 21 punte teenoor 6 behaal nadat hulle met rustyd 6-3 agter was.

Aan die begin het die jongspan geweldig gesukkel en in die eerste helfte het hulle dan ook baie onaantreklike rugby gespeel. Na rustyd het hulle saam met die wind gespeel en sommer stukke beter vertoon, behalwe vir die feit dat die skrums en lynstane baie slordig verloop het.

### STEWIG

Marthinus Postma het stewig vertoon in die vaste spel terwyl Koos du Plessis en Barnard gewoel het in die los. Onder die agterspelers het Kobie van der Walt sy spel pragtig afgewissel en sy Wes-Transvaalse teenstander heeltemal in die skadu gestel, terwyl Dries Redelinghuys (losskakel) self ook nie op hom laat wag het nie.

As geheel geneem, het die agterlyn egter te skuins gehardloop en nie veel slaankrag getoon nie.

### PUNTE

Punte is aangeteken deur Steyn (drie), Du Plessis (drie), Redelinghuys (drie) terwyl De Villiers, die heelagter, met twee strafskoppe en drie vervyfskoppe geslaag het.

Die O/19 C-span het die A-span van Strathvaal met drie punte teenoor nul geklop in 'n wedstryd wat min hoogtepunte opgelewer het. Die enigste punte het gekom nadat drie of vier van die Pukke 'n los bal toegeval het.

TAFELTENNIS

# SPAN STEEDS ONOORWONNE

Op Donderdag 25 Mei het die mans A-span die besoekende span van Sentraal-Wes Koöperasie A, oortuigend met 8—2 gewen. Die besoekers het nooit na wenners gelyk nie en slegs die oud-Puk Hoppie Roets kon twee spelle inoes.

**Ander uitslae:** Mans B 6, Sentraal-Wes Koöperasie B 4; Mans C 4, Sentraal-Wes Koöperasie C 6.

### VERLOOR

Op Maandagaand 29 Mei het die Mans B-span in Klerksdorp gaan besoek aflê, maar het 2—8 teen Jeugsentrum verloor.

Op Vrydagaand 2 Junie het die mans A hul segetog voortgesit toe hulle Jeugsentrum in 'n harde wedstryd met 6—4 gewen het.

Die mans A-span is nou nog die enigste onoorwonne span in die liga. Die mans B het hulle tweede nederlaag die week gelei toe Nederlands A hulle 10—0 kafgedraf het.

# Geesdrif Loop Baie Hoog

*In teenstelling met vorige jare wil dit voorkom asof dit vanjaar sommer voor die wind gaan met die pluimbalklub. Waar daar in die verlede nog net gewoonweg geoefen is, word daar nou eerskomende Dinsdagmiddag en Vrydagaand spanne saamgestel met die oog op Intervarsity en ander wedstryde wat ongetwyfeld nog voor die Julie-vakansie gespeel sal word.*

*Nuwe talent kom nog steeds by en baie van die nuwelinge vertoon sommer al flink.*

*Wat veral verblydend is, is die pragtige geesdrif onder die spelers — hulle is daarvan oortuig dat daar geen rugbyspan op die Puk is wat meer uitsien na Intervarsity as hulle nie.*

*En solank as wat dit die geval is, glo ons dat dit goed gaan.*

**Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!**

***Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!***

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertand-lekker hap neem - is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle - die keurbier vir louter plesier - in kannetjies of bottels.




**SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER**



Grant 345/5877-2A

Gedruk deur Enslins, Potchefsroom, en uitgegee deur die P.U. vir C.H.O. Studenteraad.